# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP VRYDAG 25 APRIL 2025 OM 11:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdh. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | (Virtueel ingeskakel) |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. D van Turha | : | Munisipale Bestuurder (waarnemed) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. A Lawrence | : | Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) |
| Mnr. JJ Mfutwana | : | Bestuurder: Strategiese Dienste (waarnemend) |
| Mev. AC Beukes | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN033/04/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer Du Plooy open die vergadering met 'n gebed, waarna die Speaker almal teenwoordig verwelkom.

***

**RVN034/04/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Adams – afwesig met verskoning
Raadslid Moolman – virtueel ingeskakel

Die Direkteur Tegniese Dienste staan in vir die Munisipale Bestuurder tot Vrydag 02 Mei 2025.

***

**RVN035/04/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN036/04/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN037/04/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN038/04/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN039/04/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**RVN040/04/2025**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN041/04/2025**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN042/04/2025**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

None

***

**RVN043/04/2025**
**<u>AFDELING: A AANBEVELINGS EN VERSLAE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

**<u>GOEDKEURING VAN DIE GEAKTUALISEERDE ELEKTRISITEITSKOSTESTUDIE (COS) EN TARIEFSTRUKTUUR VIR DIE 2025/2026 FINANSIËLE JAAR</u>**
**3/2/1/3**

Raadsheer Daniels lei die item in, waarna hy aan die Raad voorhou dat die item by die Raadsvergadering van Dinsdag 22 April 2025 gedien het, en terug verwys was as gevolg van die finansiële implikasie wat dit tot gevolg sal hê. Raadsheer Daniels hou die verslag aan die Raad voor.

Addisionele inligting word deur die Direkteur Finansiële Dienste en waarnemende Munisipale Bestuurder toegevoeg tot die verslag.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

Raadsheer Daniels hou die aanbevelings aan die Raad voor.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar.</u>**

1. Dat die aangepaste elektrisiteitskostestudie en tariefstruktuur vir die 2025/2026 finansiële jaar aanvaar word;
2. Dat die voorgestelde verhoging van 'n gemiddelde sestien punt twee en dertig persent (16.32%) met n werklike verhoging van dertien punt vyf en negentig persent (13.95%) op verbruikstariewe, in werking tree vanaf 1 Julie 2025 of afwagtend van NERSA se goedkeuring;
3. Dat die vaste kosteheffing van ses en sewentig rand (R76) per maand vir 30 Amp kliënte ingevoer word;
4. Dat 'n R0 tarief vaste heffing goedgekeur word vir kwalifiserende huishoudings op 20 Amp;
5. Dat die finale dokument met motivering soos hierbo uiteengesit, aan NERSA voorgelê word vir finale goedkeuring; en
6. Dat die volledige implementering van die COS-studie geskeduleer word vir die finansiële boekjaar van 2025/2026 tot 2027/2028.

***

**RVN044/04/2025**
**AFDELING B: NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / WYKSKOMITEES / AD-HOC KOMITEES VIR KENNISNAME**

**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN045/04/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN046/04/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN047/04/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN048/04/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die Speaker wens die Raadslede en Direksie 'n geseëende dag en naweek toe.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE*
*NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ____________________ | _________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |